basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**ONTWERP**

**(TEORIE)**

**2022**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.**

## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

## 'ONGESIENE' VOORBEELDE [10 punte]

### KANDIDATE MOET ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2 BEANTWOORD.

1.1 **(Ken 'n maksimum van 2 punte vir elke punt/aspek toe)**



Die herhaalde vierkante met verskeie geometriese **fatsoene** wat bo-op elke vierkant in die agtergrond geplaas is, skep 'n skoon, geometriese ruitpatroon wat met die organiese figuur in die voorgrond kontrasteer.☑ Organiese fatsoene op die hemp/T-hemp word herhaal om 'n ritmiese gekurfde patroon te skep wat met die kleurvolle patroon van die agtergrond kontrasteer.☑

Die agtergrond bestaan uit helder primêre, sekondêre, komplimentêre **kleure** wat 'n opvallende ontwerp skep.☑ Die beeld van die man is sterk en vang jou oog deurdat dit net uit donker neutrale kleure van swart en grys bestaan.☑ Die kontras van die wit bril op die donker figuur beklemtoon die silhoeët van die man.☑

Die beeld van die man is 'n **fokuspunt** omdat dit baie groot is en in die middel geplaas is.☑ Dit trek ook eerste die aandag van die toeskouer, omdat sy donker gelaat 'n sterk kontras met die kleurvolle, helder agtergrond skep.☑ Die helder gekleurde bril, beklemtoon die silhoeët as 'n fokuspunt.☑

Verskillende geometriese fatsoene van driehoeke, sirkels, vierkante en reghoeke word binne in die vierkante in die agtergrond van die ontwerp gebruik, wat die muurpapier 'n dinamiese **patroon** gee.☑ Lewendige, plat organiese fatsoene is nou as 'n patroon op die grys hemp/T-hemp van die silhoeët gebruik om goed met die geometriese agtergrond van wiskundige fatsoene te kontrasteer.☑

**Eenheid** is geskep deur die rangskikking van vierkante wat een kleurvolle agtergrond vorm.☑ Die motiewe binne in die vierkante is toevallig geleë, tog skep dit eenheid deur die gebruik van kleur.☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander geldige stellings.**

| V1.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 1.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | | 1 |
| **Middel Orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 1.1 | 4 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | | | 2 |
| | Reflekteer, Evalueer | 30% | 1.1 | 1 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

**OF**

1.2 **(Ken 'n maksimum van 2 punte vir elke punt/aspek toe)**



Die **vorms** van die twee keramiekblompotte wat organies en vol beweging is, herinner mens aan die vorms van **Bloureiers** (watervoëls).☑ Hierdie vorms verwys ook na die natuurlike organiese vorms van vrugte of groente met takke wat aan 'n boom hang.☑

Die tasbare **tekstuur** op die blompotte is deur driedimensionele vorms geskep.☑ Die onderste gedeeltes bestaan uit aparte, blomblaaragtige lae wat met die boonste gedeelte wat na gladde, syerige vel van groente stamme lyk, kontrasteer.☑ Die kleur en tekstuur van die klei herinner mens aan delikate been of skulp.☑

Die blomblaaragtige patrone op die onderste gedeelte van die blompotte skep onreëlmatige, golwende **lyne** wat ritme skep.☑ Fyn, dun lyne skep 'n ronde, sirkelagtige beweging op die nekke van die blompotte.☑

Die blompotte is asimmetries **gebalanseerd** omdat hul vorms nie wiskundige perfekte sfere of ovale is nie.☑ Die boonste gedeelte van die blompotte is gekrom in 'n onvoorspelbare rigting om die natuur se asimmetrie te beklemtoon.☑

Die blompotte het 'n dekoratiewe **funksie,** hulle is na-maat gemaakte blompotte wat gebruik is vir uitstal en om binneruimtes te versier.☑ Die blompotte kan ook gebruik word om 'n paar blomme of boomtakke te vertoon.☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander geldige stellings.**

| V1.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer Orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 1.2 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | | 1 |
| Middel Orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 1.2 | 4 |
| Hoër Orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 1.2 | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer | | | 1 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

## VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP [10 punte]




2.1 (**Ken 4 punte toe)**


2.1.1 'n Vis☑ beweeg standvastig en met selfvertroue in die water, daarom simboliseer 'n vis beweging, onafhanklikheid en oorvloed van kos.☑

Brood of kaas☑ simboliseer kos wat stabiliteit en voeding vir mense aanspreek. Brood as 'n simbool, kan ook verwys na boerdery en bewerking van die grond vir voedsel.☑ Brood is ook 'n stapelvoedsel in die vermindering van hongerte.☑

2.1.2 Die hande wat na kos uitreik is swart en verskillende skakerings van bruin,☑ wat aandui dat honger en armoede net die swart gemeenskappe affekteer.☑ Die kos wat uitgebeeld is identifiseer ook met sekere kultuur-/ godsdienstige-/ rasgroepe/.☑

2.2 (**Ken 6 punte toe)**






Die BaBa-lettertipe bestaan uit geometriese, presiese, reguit en gefasetteerde **lyne** wat teen kromagtige lyne kontrasteer, skep 'n skoon voorkoms.☑ In vergelyking, is die Gotiese Manuskrip-lettertipe besiger, omdat dit uit dikker, reguit, rigiede, vertikaal en diagonale lyne geskep is, wat deur die afwaartse streep en die serifs, sowel as deur dunner diagonale strepe oor die letters kruis.☑ Die **fatsoene** van die BaBa lettertipe kombineer hoekige, geometriese driehoeke en diamante met ronde fatsoene, wat 'n ongewone en dinamiese lettertipe skep☑ teenoor die Gotiese Manuskrip-lettertipe wat slegs van reghoekige fatsoene gemaak is en wat 'n tradisionele styl skep.☑ Die BaBa lettertipe lyk asof dit deur sterk, eenvoudige, geometriese Afrika-fatsoene en -patrone beïnvloed is.☑ In kontras, weerspieël die Gotiese Manuskrip-lettertipe invloede van kalligrafie op Gotiese manuskripte en die hoekige en soliede vorms van die Gotiese argitektuur.☑


**NEEM KENNIS: 'n Maksimum van SLEGS 2 punte mag toegeken word vir tabelvorm vergelykende antwoorde. Gebruik kognitiewe vlakke as riglyne.**

**Krediet moet gegee word vir enige ander geldige stellings.**

| **V2 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING** | **VRAE** | **PUNTE (10)** |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 2.2 | 1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 2.1 | 2 |
| **Middel Orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 2.1<br>2.2 | 2<br>2 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 2.2 | 1 |
| | Evalueer, Reflekteer | | | |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 2.2 | 2 |

**VRAAG 3 [10 PUNTE]**

3. **(Ken 'n maksimum van 2 punte vir elke punt/aspek toe)**

Die **ligging** van die Zeitz MOCAA is binne 'n besige, eksklusiewe inkopie-area geleë, bekend as die V&A Waterfront wat dit toeganklik maak vir Suid-Afrikaners en baie toeriste wat die area besoek.☑ In teenstelling, is die Pantheon in die middel van 'n stad op 'n plat terrein vir gemaklike toegang vir die Romeinse-publiek geleë en tans vir toeriste.☑ Die Pantheon was gebou op die presiese ligging van twee vroeë Pantheon geboue, waarvan beide afgebrand het.☑ Die nuwe herboude Pantheon was opgedra aan die Romeinse generaal, Marcus Agrippa, soos in die inskripsie op die voorportaal fasade te sien.☑ Soortgelyk, is die Zeitz MOCAA op 'n belangrike historiese Suid-Afrikaanse ligging geleë, die ou graansilo.☑ Die silo was in 1921 gebou, waarin vir amper 100 jaar die hart van die industriële hawe-area was. Die oorspronklike struktuur van 56 stoorsilo's en die aangrensende hysbakgebou is as 'n erfenisgebied verklaar.☑

Die naam, struktuur van die voorportaal, en pedimentversiering van die Pantheon suggereer dat die oorspronklike **funksie** van die gebou 'n tempel was.☑ Die Pantheon was 'n plek waar die keiser publieke verskynings kon maak.☑ Die interieur van die ou graansilo's was verander om as 'n museum te funksioneer en om die Zeitz Stigting se versameling van kontemporêre Afrika-kuns, te huisves☑ en die eksterieur was net so gelos om hulde aan die oorspronklike historiese ligging te gee.☑ Toe die ou graansilo's in die 1990s buite diens gestel was, het die Victoria & Alfred Waterfront Heatherwick studio's genader vir voorleggings om moontlik die struktuur in 'n kulturele institusie te ontwikkel. Hulle wou hê dat die nuwe funksie van die gebou die verlede moet vereer, asook toeganklik vir alle Suid-Afrikaners moet wees.☑ Die uitdaging vir Heatherwick was om die interieur van die styfgepakte ses-en-vyftig beton silinders wat oorspronklik graanstoorfasiliteite was, te verander na 'n interieur wat toepaslik sou wees vir die uitstal van kuns. Die uitdaging was om die struktuur se industriële erfenis te behou, terwyl eer daaraan as 'n belangrike historiese Suid-Afrikaanse baken gegee is.☑

Die gewelfde Zeitz MOCAA interieur, was duidelik **geïnspireer** deur die gewelfde plafonne van die Gotiese katedrale,☑ terwyl die voorportaal van die Pantheon-struktuur deur Klassieke Griekse argitektuur geïnspireer is, soos te sien in die gebruik van die pedimente en kolomme, en die gekoepelde hoofgebou wat baie meer Romeins in styl is.☑ Die verskeie galery-verdiepings van die Zeitz MOCAA wat rondom die sentrale atrium gerangskik is, word verbind deur hysbakke en spiraal trappe wat binne die silinders oploop; hulle lyk asof hulle deur "massiewe boorpunte" geïnspireer is.☑ Die interieur van die Zeitz MOCAA was geïnspireer deur 'n enkele koringgraan, maar dié klein geronde vorm was vergroot om die 27 meter hoë volume, te vul.☑ Die grootskaalse gebruik van beton as materiaal in die Zeitz MOCAA, vertoon ook die ou silo's as 'n moderne Brutalistiese-styl geïnspireerde gebou.☑

Die buitenste mure van die silo-afdeling van die tweedelige struktuur van die Zeitz MOCAA ('n graderings-toring en vyf-en-sestig silosilinders) bestaan uit die oorspronklike beton wat daaraan 'n industriële, Brutalistiese voorkoms verleen.☑ Die **materiaal** wat gebruik is om die ronde gebou van die Pantheon te bou is baksteen en beton en die eksterieur was oorspronklik met wit marmerpleisterkalk bedek om met die voorportaal ooreen te stem.☑ Oorspronklik, is die materiaal wat gebruik was om die beton eksterieur van die koepel te bedek, brons-lae maar dié was in 663 AE verwyder.☑ Hierdie sterk en oordadige materiaal reflekteer die mag van die Romeinse keiser en sy ryk.☑ Beide die Zeitz MOCAA en die Pantheon se interieurs het lig wat van bo af invloei. Die Zeitz MOCAA het gelamineerde glas bo-op die silo's wat daglig toelaat en die Pantheon het lig wat die interieur vanaf die okulus vloed.☑ Die Romeine was bewus van die swaar aard van hul boumateriaal en daarom het hulle liggewig materiaal nader aan die boonste gedeelte van die koepel gebruik.☑ Travertien was op die laagste vlak gebruik en was die swaarste materiaal, dan 'n mengsel van travertien en tufkryt, dan tufkryt en baksteen.☑ Slegs bakstene is rondom die dromafdeling van die koepel gebruik, en laastens is puimsteen, die ligste en mees poreuse materiaal op die plafon van die koepel gebruik.☑ Die gesnyde kante van die beton-silinders in die interieur van die Zeitz MOCAA was gepoleer om 'n gladde spieëlafwerking te gee wat met die oorspronklike rowwe beton struktuur kontrasteer.☑

Moderne **tegnologie** was gebruik om dele van die ou silo's te sny en te verwyder, om die gekurfde interieurstruktuur van die atrium te wys.☑ Die koepel van die Pantheon was gebou deur die gebruik van innoverende, nuwe **konstruksie tegnieke** wat toegelaat het dat die groot interieur hoogte en deursnit van die koepel dieselfde is.☑ Die omvang van die koepel het die grootste gespande koepel gebly vir baie eeue en is 'n bewys van Romeinse ingenieurswesedeskundigheid.☑ Om die gewig van die koepel te verminder, is vyf ringe van agt-en-twintig ingesnyde vierkantige patrone, wat kleiner word soos hul nader na die okulus beweeg, gebruik.☑

**OF**

**VERGELYKING TUSSEN 'n KLASSIEKE GEBOU EN 'n INHEEMSE KENNIS STELSEL- GEBOU STRUKTUUR**

**Geboue gekies: Die Pantheon en die Zulu huisvesting en kraal**

Die Pantheon was op 'n belangrike **ligging** gebou omdat dit presies op die ligging van twee vroeër Pantheon geboue opgerig is, waarvan beide afgebrand het.☑ Die nuwe herboude Pantheon was aan die oorspronklike Romeinse staatsman, Marcus Agrippa opgedra, soos gesien in die inskripsie op die fasade van die voorportaal.☑ Die gekose ligging vir die Zulu kraal is belangrik. Daar is twee redes waarom die kraal op 'n afdraande geplaas moet word met die hoofingang op die laer kant.☑ Eerstens, wanneer dit reën, sal die reën deur die kraal vloei en die kraal skoonspoel en die grond sal vinnig droog word omdat geen water in die kraal kan opdam of bly lê nie.☑ Tweedens, as die kraal deur vyande aangeval word, sal hulle opdraande moet veg.☑

In die geval van die Klassieke gebou, die Pantheon, **weerspieël die struktuur sy funksie**. Die naam, struktuur van die voorportaal en pedimente versiering van die Pantheon was ontwerp as 'n plek waar die keiser publieke verskynings kon maak.☑ Wanneer mens die inheemse Zulu kraal vanuit die lug waarneem word dit duidelik dat die struktuur van die kraal sy funksie reflekteer. Die doel van die uitleg is om beskerming aan die Zulu familie, wat in die kraal woon beskerming te verskaf, asook vir hul beeste wat in die sentrale kern van die ronde uitleg bly.☑ Die tradisionele Zulu byekorfhutte bekend as *iQukwane,* is uitgelê in 'n ronde kraal formasie; die Zulu term hiervoor is *umizi*. ☑ Dit bestaan uit twee konsentriese doringboomstompheinings.☑ Die hutte, gemaak van strooigras wat 'n gebuigde, ronde houtstruktuur bedek, word binne die buitenste heining geplaas en die beeste in die binneste ronde kraalformasie met 'n kleiner kampie vir die kalfies.☑

Die Pantheon is **geïnspireer** deur Klassieke Griekse argitektuur soos weerspieël in die gebruik van die pedimente en kolomme, en die gekoepelde hoofgebou.☑ Die inheemse Zulu kraal is geïnspireer deur hul tradisies en hul kulturele gelowe.☑ Hiërargie dikteer die plasing van die hutte.☑ Die eerste hut is 'n leë huisvesting opgedra aan die voorvaders.☑ Dit is die eerste plek waarna besoekers moet gaan om hul seëning van die voorvaders te kry.☑ Die grootste hut reg oorkant die ingang is dié van die leier se moeder, en die eerste vrou is aan die regterkant van die leier se moeder, en die tweede vrou is aan die linkerkant van die leier se hut, die derde vrou op die regterkant van die eerste vrou, ensovoorts. Die ongetroude meisies bly aan die linkerkant van die ingang en die ongetroude seuns op die regterkant.☑

Die **materiaal** wat gebruik is in die konstruksie van die ronde gebou van die Pantheon is baksteen en beton, die eksterieur was oorspronklik met wit marmer pleisterkalk bedek om met die voorportaal ooreen te stem.☑ Hierdie swaar, sterk en oordadige materiaal kommunikeer suksesvol die mag en belangrikheid van die Romeinse keiser en ryk aan.☑ Die Zulu huisvesting en kraal bestaan uit organiese, natuurlike, aardse materiaal wat hulle meer menslik en in harmonie met die natuur maak.☑ Die vloere is gemaak van beesmis en termietklei wat gemeng is tot 'n digte mengsel wat gesmeer word om die vloer te vorm, wat kliphard droog word en wat dan gepolitoer kan word tot 'n spieëlagtige afwerking met die gebruik van 'n politoerklip.☑ Dieselfde materiaal word gebruik om die vuurmaakplek naby die sentrale paal, te bou.☑ Rook van die vuur ontsnap by die deuropening of filtreer deur die strooigras.☑

Beide die Pantheon en die Zulu hutte is gemaak op 'n ronde fondasie en maak gebruik van die koepel as 'n dominante vorm.☑ Die Zulu hut is met 'n sentrale jong boomstompie wat as die hoofstut dien, gebou.☑ Nadat die raamwerk gebou is, word dit met strooigras bedek om 'n byekorf te vorm.☑ Die materiaal en konstruksie tegnologie maak die hut stabiel, warm in die winter en koel in die somer. ☑ Die koepel van die Pantheon is gebou deur die gebruik van 'n innoverende, nuwe **konstruksie tegniek** wat toegelaat het dat die hoogte van die interieur en die deursnit van die koepel dieselfde is.☑ Die omvang van die koepel het vir baie eeue die grootste gespande koepel gebly en is 'n bewys van die Romeinse ingenieurswesedeskundigheid.☑ Om die gewig van die koepel te verminder, is vyf ringe van agt-en-twintig ingesnyde vierkantige patrone, wat kleiner word soos hul nader na die okulus beweeg, gebruik.☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander geldige stellings van 'n vergelyking van 'n klassieke en kontemporêre gebou of Klassieke en Inheemse Kennisstelsels wat die kandidaat bestudeer het.**

**NEEM KENNIS: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte mag toegeken word vir tabelvorm vergelykende antwoorde. Gebruik kognitiewe vlakke as riglyne.**

| V3. VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 3 | 1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | | 2 |
| **Middel Orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 3 | 4 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 3 | 1 |
| | Evalueer, Reflekteer | | | 2 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

## AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS

## VRAAG 4 [30 punte]

4.1 **Ken 20 punte in totaal toe.**
**Ken 10 punte vir elke beweging toe. Let wel dat net EEN punt toegeken mag word vir die naam van die ontwerper en produk vir elke beweging. Gebruik asseblief die kognitiewe vlakke vir puntetoekenning.**

Hierdie nasienriglyn verskaf 'n antwoord vir die volgende twee moontlikhede:
- **MODERNISME**
- **KUNS- EN-KUNSVLYT**

**MODERNISME**
Modernistiese ontwerpe se **doelstelling** is om mense funksioneel en esteties tevrede te stel.☑ Hulle glo dat funksie baie meer belangrik is as oppervlakversiering.☑ Hulle beoog om funksionele ontwerpe, waar vorm bepaal is deur die funksie te skep en waar funksie nie weggesteek word deur oppervlakpatroon óf patroon nie.☑ Die estetiese aantrekkingskrag van hul ontwerpe kan gevind word in hul versigtige rangskikking van die kunselemente, bv. lyn, vorm/fatsoen, tekstuur, kleur, tonale waarde en ruimte om 'n genotvolle, goeie geproporsioneerde, asimmetriese gebalanseerde komposisies, te skep.☑ Hierdie ontwerpe poog om uitdrukkings en/of positiewe emosies van orde, kalmte en stabiliteit te inspireer.☑

Modernistiese (Internasionale Styl) gebouontwerpe is **beïnvloed** deur die Bauhaus oortuiging in funksionalisme en in hul vermindering van vorms tot eenvoudige, suiwer geometriese vorms om logiese, praktiese en ekonomiese oplossings vir produkontwerp te skep.☑ Hulle word ook beïnvloed deur De Stijl se oortuiging in eenvoud en in hul oortuiging in die suiwerheid van reguit-lyne en geometriese vorms.☑ Die ontwikkeling van nuwe materiaal soos nuwe metale en hul allooi (buisvormige staal, aluminium en chroom), 'n nuwe reeks van plastiek soos Bakelite en poli-uretaan, versterkte beton en laaghout beïnvloed ook Modernistiese ontwerpe.☑ Modernistiese produkontwerpe is gereeld stroombelyn wat die invloed van die studie van aërodinamika wys wat geïnspireer is deur die vorms van voëls en visse.☑ Sommige Modernistiese produkte en tekstielontwerp toon die invloed van plat, verbeeldingryke, biomorfiese fatsoene van Surrealisme en ander die invloed van atomiese strukture.☑

**Karakteristies/tipies** van Modernistiese argitekte is hul verwerping van alle tradisionele argitektoniese vorms (soos dekoratiewe, gekurfde, Klassieke kolomme, pedimente, entablement) en materiaal (soos klip, baksteen, hout en kleiteël)☑ en maak net gebruik van masjienagtige, onversierde, geometriese kubusse, reguit vertikale en horisontale lyne en moderne materiaal (soos versterkte beton, staal en glaspanele).☑ Hulle glo in 'n moderne, masjien-estetika waar alle onnodige versiering vermy is.☑

In plaas van om mure te gebruik om die gewig te dra, maak Modernistiese geboue gebruik van 'n funksionele gewigdraende staalstruktuurraam, sodat mure van enige materiaal gemaak kan word.☑ Mure is gereeld groot glaspanele, bekend as glasgordynmure wat ligheid en gewigloosheid beklemtoon.☑ Die lyne van die staalstruktuur vorm 'n herhalende reghoekige ruit wat orde en eenheid weerspieël.☑

Modernistiese ontwerpe soos treine, motors, yskaste en ketels maak gebruik van die traandruppel/stroombelynde vorm met soomlose kante om spoed te weerspieël, wat mens aan die masjien herinner.☑ Hierdie ontwerpe is modern, funksioneel en esteties mooi.☑

**'n Voorbeeld van 'n Modernistiese ontwerp en ontwerper is die ‘Barcelona Pavilion’ deur Mies van der Rohe, 1929.☑**



Die gebou was beide funksionalisties en esteties mooi. Dit het as 'n uitstalruimte gefunksioneer met die doel om 'n nuwe progressiewe, demokratiese en moderne Duitsland te adverteer.☑ Die geometriese rangskikking van skitterende getinte glas en marmer onder 'n slank-lyn-dak, ondersteun deur agt baie dun chroom-staal kolomme beeld skoonheid en elegansie uit.☑ Die gebruik van hierdie materiaal gee aan die gebou 'n ryk, luukse effek.☑ Die struktuur sluit in 'n reghoekige swembad en dit is moeilik om die interieur van die eksterieur te onderskei.☑ Die dak kom voor asof dit oor die struktuur dryf, wat 'n gebou wat terselfdertyd solied en droomagtig is, skep.☑ Die interieur was minimalisties en bestaan uit slegs een beeldhouwerk en twee van Mies van der Rohe se nuwe leer en chroom staal *Barcelona* stoele.☑

**KUNS-EN-KUNSVLYT**

Die Kuns-en-Kunsvlytbeweging se **doelstelling** was om mense funksioneel, esteties en emosioneel gelukkig te maak. Die word weerspieël in hul doelstelling om ontwerpe te skep wat funksioneel en goed afgewerk is (geïnspireer deur die kwaliteit van handgemaakte ontwerpe).☑ Gesamentlik, het hulle gepoog om ontwerpe te skep wat esteties mooi is, wat mooi dekoratiewe oppervlakpatrone of natuurlike teksture reflekteer (bv. die grein van die hout wat hulle gebruik het word ongeverf gelos om deel van die ontwerp te vorm).☑ Hulle het geglo dat kwaliteit ontwerpe wat mooi met die hand afgewerk is en wat mooi teksture of patrone het, sal dien om gemak en plesier (geluk) te inspireer.☑

Die Kuns-en-Kunsvlytbeweging is **beïnvloed** deur die natuur en hul gebruik van blare, stingels, blomme, insekte, voëls, vis, ens. op meeste van hul oppervlakontwerpe is 'n bewys hiervan. Die beweging was ook beïnvloed deur die Engelse Kothuisstyl in hul gebruik van natuurlike, organiese materiaal soos klip, leiklip, hout, strooidakke is ook weerspieël in geboue van die Kuns-en- Kunsvlyt ontwerpers.☑ Die gebruik van die natuur as onderwerp en in hul materiaal keuse het gelei tot kalm, 'gelukkige' en estetiese mooi ontwerpe.☑ Die Kuns-en-Kunsvlyt ontwerpers het geglo dat die Gotiese styl die orde en stabiliteit van goeie Christelike waardes reflekteer en hul belangstelling in die Gotiese tydperk word weerspieël in

hul gebruik van loodglasvensters, die gepunte boog, drie-en-vier-blaar-klawer-motiewe, bonkige meubels en torings.☑ Die Kuns- en Kunsvlytbeweging was ook beïnvloed deur tradisionele kunsvlyt soos houtwerk, borduurwerk, tapisserie ontwerpe, loodglas, keramiek, ens. wat kwaliteit vakmanskap oordra in teenstelling tot ontwerpprodukte wat gedurende die Industriële revolusie geskep is.☑

Die Kuns-en-Kunsvlytbeweging se **karakteristieke/tipiese** gebruik van gekontroleerde, gekurfde lyne om ritmiese liniêre patrone te skep,☑ hul gebruik van afgeplatte, gestileerde organiese fatsoene wat die natuur reflekteer en 'n reeks van plat, ryk, warm en koel kleure wat herinner aan die loodglasvensters van Gotiese tydperk het verseker dat die ontwerpe dekoratief en esteties mooi of 'gelukkig' is.☑ Oppervlakontwerpe reflekteer meestal 'n stabiel simmetriese balans, wat deur die gekurfde ritmes van die blare, stingels en blomfatsoene geskep is.☑ Die vorm van meubels was eenvoudig en streng met min versiering, die fokus was op die lyne van die struktuur, die vakman se gebruik van sigbare lasplekke, asook op die tekstuur van die hout.☑

**'n Voorbeeld van 'n Kuns-en-Kunsvlyt ontwerper en produk is 'Trestle Table' deur Gustave Stickley (USA), ca1910.☑**



Die vorm van hierdie boktafel is eenvoudig en sterk en toon duidelik die funksie aan.☑ Die hand van die vakman en 'n geloof in vorm volg funksie is sigbaar in die insluiting van sigbare lasplekke as deel van die ontwerp.☑ Die estetiese aantrekking van hierdie boktafel lê in die gebruik van 'n eenvoudige, nogtans mooi proporsioneel liniêre struktuur en 'n natuurlike, ongeverfde houtoppervlak.☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander geldige stellings**

| **V.4.1 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING** | **VRAE** | **PUNTE (20)** |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 4.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | | 4 |
| **Middel Orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 4.1 | 8 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | | | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer | 30% | 4.1 | 4 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

4.2 **[10 punte] (Ken 'n maksimum van 2 punte vir elke punt/aspek toe)**




Die Art Nouveau interieur in FIGUUR H wys die **invloed** van die natuur op Art Nouveau deur sy gebruik van poue, blare en plante.☑ In kontras met die gebruik van natuurlike beelde, toon die Pop-interieur die invloed van Ruimte-Eeu deur sy gebruik van aardbolvorms vir stoele. Die gebruik van natuur, gekurfde lyne en organiese fatsoene in FIGUUR H wys ook die invloed van Kuns-en-Kunsvlyt op Art Nouveau, ☑ terwyl die Pop-interieur die invloed van die masjientydperk deur sy gebruik van geometriese vorms, skoon lyne en gladde oppervlaktes, toon.☑

FIGUUR H maak gebruik van 'n wye reeks luukse pastel en dowwe **kleure** tipies van Art Nouveau; soos olyfgroen, grysgroen, woudgroen, goud, pers, pienk, geel en ligte blou, om 'n baie eksotiese en dekoratiewe ontwerp te skep.☑ In kontras hiermee toon die Pop interieur in FIGUUR I 'n sterker kleurskema, gedomineer deur kunsmatige helder suiwer oranjes, rooie en mosterd met wit om 'n skoon en moderne effek te skep.☑

Die organiese, kurwende **vorm** van die meubels, poue, blare en plante in FIGUUR H dra almal by om 'n besige, vroulike effek te skep.☑ In kontras, weerspieël die geometriese sferiese vorms, blokagtige bank, kussings, sytafel en rak in FIGUUR I, 'n meer formele, soliede en dinamiese gevoel en 'n puristiese en geordende effek. ☑

Tipies van Art Nouveau is die gebruik van natuurlike **materiaal** soos hout en klip sowel as loodglas, piouter en tekstielstof om 'n gevarieerde, komplekse interieur te skep,☑ terwyl die Pop interieur meer kunsmatig, met gladde, glansende plastiek oppervlaktes wat domineer, vertoon.☑ Pop het sintetiese nuwe-era materiaal gebruik om dit meer aanloklik vir die jonger geslag te maak.☑

Die Art Nouveau interieur toon nie die beginsel van **'Minder is Meer'** aan nie omdat dit 'n viering van oppervlakpatroon en detail is. ☑ Hierdie kan in die vloer gesien word (FIGUUR H) wat 'n dekoratiewe rant om die houttoonbank en om die vensterrante, wat uit loodglas beelde bestaan, en in die gebruik van patrone op die plafon, uitbeeld.☑ In kontras met die beklemtoning van versiering, is die Pop interieur (FIGUUR I) meer eenvoudig, en volg die beginsel van 'Minder is Meer' as gevolg van sy gebruik van meestal gladde onversierde en minimalistiese geometriese patrone.☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander geldige stellings.**

**NEEM KENNIS: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte mag toegeken word vir tabelvorm vergelykende antwoorde. Gebruik kognitiewe vlakke as riglyne.**

| V4.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer Orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 4.2 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | | 1 |
| Middel Orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 4.2 | 4 |
| Hoër Orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | | | |
| | Evalueer, Reflekteer | 30% | 4.2 | 2 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | 1 |

**AFDELING C: SOSIOKULTUREEL/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS**

**VRAAG 5 [20 punte]**

**Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.**

5.1



5.1.1 **(Ken 6 punte toe)**

Die voordele van die ontwerp is dat dit die verspreiding van die virus sal verhoed terwyl mense sonder 'n masker eet en gesels.☑ Die deursigtige Plex'eat hoods wat bo die tafels hang het 'n elegante vorm en skep die idee van 'n laag-hangende kandelaar oor 'n elegante eetkamertafel.☑ Met die skerm wat potensieel die risiko van lugverspreide infeksie verminder, kan mense onder hulle sit terwyl hulle eet en drink. Die ontwerp skep 'n elegante estetiese alternatief vir uiteet en waarborg dat sosiale afstand gevolg word.☑ Die plexi-glass hood mag dalk moeilik wees om skoon te maak na gebruik en dit sal 'n gesprek onduidelik maak omdat die skerm die klank blok.☑ Omdat die spasie baie klein is sal dit moeilik vir die kelner wees om kos te bedien sonder om teen die skerm te stamp.☑ Dit sal ook moeilik wees om van die tafel af op te staan sonder om teen die skerm te stamp.☑

5.1.2 **Ken 14 punte in totaal toe, 7 punte per gevalle studie.**
**Ken 1 punt vir die naam van die ontwerper en die naam van die produk toe.**

**EEN KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE ONTWERPER/ONTWERPGROEP**





**Naam van 'n ontwerper/ontwerp groep/ontwerp maatskappy en een ontwerp produk: I RUN JHB Afrofuturistiese sportsklere** deur Wandile Leeu & Neo Selemela (JHB, Suid-Afrika), 2020. ☑

**Sosiale verantwoordelikhede in hy/ sy/ hulle se doelstellings en/of ontwerp prosesse geadresseer**

Beide mode ontwerpers Wandile Leeu en Neo Selemela fokus op die vasvang van 'n lewendige en energieke sosiokulturele 'siel' van die Stad van Goud.☑ Hulle handelsmerk van straatdrag-klere poog om die stad van JHB te vier en dit is geanker in die sterk, besige, 'go-getter, dream chasing' houding van die mense van Johannesburg.☑ Hierdie twee modeontwerpers het 'n moderne, kontemporêre identiteit, geïnspireer deur tradisionele Zulu, Swati, Sepedi, TshiVenda and Kente tekstiel patrone, waarop Suid-Afrikaners trots kan wees, suksesvol geskep.☑

Kopiereg voorbehou 

**Bespreek die ontwerp voorbeeld/produk van die bogenoemde ontwerper/ ontwerpgroep om te verduidelik hoe die ontwerp sosiokulturele kwessie/s aanspreek.**

I RUN JHB Afrofuturistiese sportsdrag ontwerp deur Wandile Leeu en Neo Selemela is kleurvol en vang die oog en gebruik van tradisionele inheemse tekstielmateriaal gekombineer met helder sweetpak materiaal om 'n moderne, straat geïnspireerde gemaklike drag, te skep.☑ Deur moderne tekstielmateriaal met tradisionele Afrika afdrukke en patrone te vermeng, vereer en bevorder die klerehandelsmerk inheemse ontwerp, en terselfdertyd bevorder dit 'n Afrika identiteit.☑

Deur 'n ‘verweefde’ mengsel van verskillende tradisionele, etniese Afrika en moderne modestyl, het hulle 'n unieke, eklektiese modehandelsmerk vir Johannesburg, geskep.☑

**EEN INTERNASIONALE ONTWERPER/ONTWERPGROEP**




**Naam van 'n ontwerper/ontwerpgroep/ontwerpmaatskappy en een ontwerpproduk:** Aviointeriors stel voor na-COVID-19 JANUS-seats (Italië), 2020.☑

**Sosiokulturele kwessies aangespreek in hy/sy/hulle doelstellings en/of ontwerp prosesse.**

Hierdie ontwerp spreek die gevaar van die COVID virus op die gesondheid van die gemeenskap aan☑ deur passasiers in vliegtuie te beskerm teen die infeksie van medepassasiers wat naby hulle sit.☑

**Bespreek die ontwerp voorbeeld/produk van die bogenoemde ontwerper/ ontwerpgroep om te verduidelik hoe die ontwerp sosiokulturele kwessie/s aanspreek**

JANUS-seats is 'n nuwe futuristiese vliegtuig en lughawe sitplekkonsep wat 'n radikale wegbreek is van vorige sitplek-ontwerpe en Aviointeriors.☑ Tans is daar geen mediese bewyse dat die sitplekkonsep passasiers van die COVID-19 virus beskerm nie. Van passasiers sal dit nog steeds verwag word om maskers te dra en die feit dat daar meer harde oppervlaktes is, impliseer dat daar meer areas is om te ontsmet.☑

In hierdie ontwerp verander die rigting van die sitplekke sodat die een sitplek vorentoe wys en die sitplek langsaan agtertoe wys.☑ Die sitplekke het 'n dubbel-S-vorm omvou-skermdop op kophoogte.☑ Hierdie doppe is van deursigtige termoplastiek gemaak wat vuurbestand is.☑ Die gebruik van deursigtige termoplastiek verseker dat passasiers nog steeds oogkontak met die vlug personeel en reisigers het.☑

Kopiereg voorbehou

Om te verseker dat die gangsitplekke vir gestremde passasiers, rolstoelgebruikers en mense met verminderde mobiliteit toeganglik is, gaan Aviointeriors 'n beskermde skild op die gangsitplek plaas wat kan opvou of skuif.☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander geldige stellings.**

| V5.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer order** | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 5.1.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 5.1.2 | 4 |
| **Middel order** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 5.1.1<br>5.1.2 | 2<br>6 |
| **Hoër order** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 5.1.1<br>5.1.2 | 2<br>4 |
| | Evalueer, Reflekteer | | | |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

5.2



5.2.1 **(Ken 2 punte toe)**

Die beoefening van inheemse kunshandvlyt skep werk vir baie Afrika vrouens☑ en laat moeders en oumas hul werk vanaf die huis doen waar hulle terselfdertyd na jong kinders kan kyk en sodoende hul sekuriteit verseker.☑ Die beoefening van tradisionele kunshandvlyt help om kulturele identiteit te skep, bevestig en te bevorder.☑ Dit kan die sosiale status van die skepper verhoog en haar/hom mag in 'n landelike gemeenskap gee.☑ Dit hou ook die kunshandvlyt lewendig vir toekomstige generasies.☑

5.2.2 **(Ken 8 punte toe)**

**Die materiaal, metodes en prosesse wat gebruik is om die tradisionele kunshandvlyt te skep**

Tradisionele vesels wat in mandjiewerk gebruik is, weerspieël die plaaslike omgewing. Hulle sluit Ilala palm, sisal blare en vesels, raffia (Afrika bamboes), veselagtige boom en plantwortels soos *makenge*, rankplante, blare (piesang en waaierpalmbome), riet, bashout en papirus in.☑ Twee tipes wortelagtige vesels is gewoonlik gebruik om 'n spiraalmandjie te maak; een vir die binneste rol en een vir die toemaak van die rolle.☑ Byvoorbeeld, in Uganda en Rwanda, is geweefde mandjies van raffia of papirus toegedraai en vasgewerk rondom 'n rol piesangblaarstamme. In die algemeen, is die kern rol van gras gemaak.☑

Wanneer 'n ekstra sterk mandjie benodig word, kan die ontwerp leer of stroke van bas insluit wat geweef word of aan die mure of basis gestik is.☑ Mandjies het soms dekoratiewe rante wat van skulpe, krale of sade gemaak is. Om mandjies waterdig te maak, is klei of modder of harpuis en vet op die interieur en eksterieur gesmeer.☑

Om verskillende kleure te skep, is kleurstowwe van natuurlike bronne soos wortels, boombas, vrugte en bessies, blare, klei, mis of verskillende kombinasies van dié bogenoemde gebruik.☑ Patrone kan in die vorm van dekoratiewe bande of geometriese fatsoene, ruitvorms, driehoeke, diamante, sterre of blomfatsoene, sigsaglyne, draaie of dambordmotiewe wees.☑

Patrone en die gebruik van verskillende kontrasterende kleure van die vesel beklemtoon die mooiheid van die mandjies.☑ Wanneer die vesels van die mandjies in hul natuurlik toestand gelos is, skep hulle interessante teksturele effekte.☑ Voordat die werklike weefwerk kan begin, moet die vesel voorberei word.☑ Veral as dit gekleur is en buigbaar gemaak moet word.☑ Byvoorbeeld, benodig sisalvesel om deur die hand gestroop, skoongemaak en gespin te word; 'n lang proses wat tot 16 ure vir 'n medium grootte mandjie kan neem.☑ Weeftegnieke sluit oprol, vleg, kruisweef of dambord in.☑

**Die sosiale waarde en funksie van die kunsvlyt in sy tradisionele konteks**
Mandjieweef speel 'n belangrike sosiale, spirituele of funksionele rol in Afrika gemeenskappe.☑ Histories, is mandjies vir landboukundige praktyke gebruik, byvoorbeeld vir die sif van graan, versamel en dra van oeste, sowel as die dra van produkte na die markte.☑ Ander funksies sluit in, om as 'n houer te dien en in te stoor, die bediening van kos en drankies en om bier te filtreer gedurende die maakproses.☑ Wanneer 'n mandjie belangrik is, word die ontwerp ook meer kompleks en gereeld met 'n trapdeksel versier of met leer of boombas versterk om te verseker dat dit lank vir toekomstige gebruik behoue sal bly.☑




Die grootte, vorm, funksie en dekoratiewe kenmerke van die mandjie bepaal die spesifieke gebruik. 'n Mandjie kan rond, ovaal, vierkantig of kegelagtig of soms self met afskortings ontwerp word. Dit kan of 'n oop bak of 'n skinkbord wees en 'n voet, deksel of 'n handvatsel bevat.☑




**'n Kort bespreking van EEN voorbeeld, sowel as die naam van die inheemse kulturele gemeenskap**
Die IMBENGE is 'n klein, pieringvormbak wat tradisioneel met Ilala palm en gras vesels geweef word.☑ 'n Moderne weergawe is deur mans van telefoondraad geweef wat lei tot 'n helder kaleidoskoop van kleur en patroon en dit is hoogs versamelbaar.☑ Die imbenge is as 'n bedieningsbord vir gedroogde voedsel gebruik, en ook as 'n deksel vir die klei bierpotte.☑ Wanneer dit nie gebruik word nie, word dit op die muur van die hut as deel van die versiering gehang.☑ Die patrone op die imbenge is dikwels geometries in karakter.☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander geldige stellings.**

5.2.3 **(Ken 10 punte toe)**



**Noem die onwerper/ontwerpgroep en EEN ontwerpproduk:**
Bisate Kontemporêre Rwanda Eco-Lodge ontwerp deur Nicholas Plewman Argitekte (Atelier 55), 2018.☑

**Doelstellings van die ontwerper/ontwerpgroep**
Die argitek wou 'n eko-lodge skep wat met die helling van die verweerde vulkaniese kegelvorm wat oor die Bisoke Vulkaan uitkyk, saamsmelt.☑ Die woord 'bisate' beteken 'stukkies' in Kinyarwanda en was gekies om te weerspieël hoe die vulkaniese kegelvormig waarin die eko-lodge geplaas is op 'n tydperk heel was, maar is nou verweer deur natuurlike erosie.☑ Die ontwikkelaars en argitekte wou 'n minimale impak op die omgewing gedurende die bou van die eko-lodge, verseker.☑ Die hoofdoelstelling van die argitekte is om die beginsels van volhoubare **ekotoerisme** te ondersteun omdat Bisate langsaan Rwanda se Vulkaniese Nasionale Park is; bekend vir sy bedreigde gorillas en 'n hoof toeriste-aantreklikheid.☑

**Invloede op die ontwerper/ontwerpgroep**
Hierdie argitektoniese ontwerp is beïnvloed deur byekorf gevormde grasdakstrukture van die King's Palace by Nyanza, huisvesting van Rwanda se laaste konings en nou 'n belangrike kulturele en toeriste plek vir die land.☑ Vir die konstruksie van die gebou, kan beide die invloed van tradisionele Rwanda boutegnieke en materiaal en die invloed van Modernistiese materiaal gesien word.☑ Die gebou is 'n eklektiese mengsel van beton, staal, hout, sintetiese dekriet, vulkaniese rots, bamboes, riet en papirus.☑ Verwysings na Imigongo kuns, in sterk swart en wit panele, beklemtoon met 'n diep rooi, is 'n ander kenmerk.☑ Hierdie grafiese kunsvorm is terugverwysend na die 19de eeu se koninklikes wie dit gebruik het om hul mure te versier.☑

**Analiseer hoe die kontemporêre ontwerpproduk inheemse kunsvlyttegnieke aanpas en versterk**
Beide die eksterieur en interieur is 'n feesviering van die verlede en die hede van Rwanda se inheemse kunsvlyttegnieke en ryk kulturele erfenis.☑ Vir die interieur, het Teta Isibo plaaslike gemaakte interieur dekorprodukte gesoek, sowel as meubels wat Rwanda ontwerp reflekteer.☑ Die maatskappy was gretig om inspirasie van alledaagse Rwanda leef elemente te trek, dit is gesien in die insluit van beesvelle wat die lewenswyse van die plaaslike dorp se mense verteenwoordig en 'n melk beker motief genoem *Ibyansi*, wat op verskeie objekte gebruik is.☑ Die insluiting van kunsvlyttegnieke en kontemporêre avant-garde ontwerpe skep 'n sjiek, eklektiese eko-lodge, sonder om volhoubare of sosiokulturele belangrikheid op te offer.☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander geldige stellings.**

**GEEN punte mag toegeken word vir die herhaling van ontwerper(s) en hul werk wat in die vraestel gebruik is nie.**

| V.5.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 5.2.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 5.2.2 + 5.2.3 | 2 + 2 |
| **Middel Orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 5.2.1<br>5.2.2 + 5.2.3 | 2<br>3 + 3 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 5.2.2 + 5.2.3 | 2 + 2 |
| | Evalueer, Reflekteer | | 5.2.2 + 5.2.3 | 1 + 1 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

**VRAAG 6 [20 punte]**

**6.1**




6.1.1 **(Ken 4 punte toe)**
Nike Space Hippie 4 footwear bestaan uit 85-90% herwinbare afval en is geheel en al van afvalmateriaal van die fabriekvloer gemaak; insluitend plastiek bottels, T-hemde, en post-industriële skrap.☑ Dit impliseer dat omtrent geen energie (bv. vervoer, masjiene, elektrisiteit) gebruik is om die materiaal vir die skoene te produseer nie.☑ Omdat die grootte van 'n koolstofvoetspoor afhanklik is van energie wat verbruik word, sal die koolstofvoetspoor baie min wees..☑ Hierdie weerspieël die 'zero koolstof' doelstelling van die maatskappy.☑

Omdat die skoen van afval vanaf die fabrieksvloer gemaak is, gooi hulle geen afval in die omgewing weg nie wat ook hul beweging na 'zero afval', reflekteer.☑ Die klaargemaakte liggewig-sool is 'n kombinasie van herwinde Zoomx Foam, Crater Foam en gemaalde rubber.☑ Die kombinasie van hierdie afval materiaal skep die karakteristieke/tipiese gespikkelde voorkoms.☑ Nike het besluit om weg te beweeg van die dubbel skoendoos om eerder 'n enkel doos te maak van 90% herwinde materiaal om 'n zero koolstofvoetspoor en zero afval, te behaal.

6.1.2 **(Ken 2 punte toe)**
Plastiese sakke, strooitjies, kleefplastiek, visnette, nylonvislyn is nie bioafbreekbaar nie en neem honderde jare om af te breek.☑ Meeste van hierdie materiaal beland op vullishope en in die see. Onskuldige land- en seediere eet plastiek of raak verstrengel in plastieksakke, nette of nylonvislyne.☑ Hierdie diere ly ontsettend of versmoor.☑ Plastiek greintjies/deeltjies kan tot in ons water en kos lek.☑ Onlangs het wetenskaplikes plastiek deeltjies in die ysberge van die Noordpool gevind.☑

**6.2 Ken 14 punte in totaal toe, 7 punte per gevallestudie studie.**
**Ken 1 punt vir die naam van die ontwerper en die naam van die ontwerp produk toe**

**PLAASLIKE OMGEWINGS ONTWERP:**
**Die Aquatecture panel** deur Shaakira Jassat, stigter van Studio Sway Nederland), 2019.☑



**Doelstellings en/of invloede:**
Na waarneming van die droogte omstandighede in Kaapstad en Pretoria en in lewe van vrees vir Dag Zero - die dag wanneer krane sal droogloop, is Shaakira Jassat, stigter van Studio Sway, geïnspireer om 'n oplossing vir stedelike areas te skep.☑ Aquatecture is 'n reën opvangpaneel bedoel vir die stad met beperkte ruimte vir JoJo reënwatertenke.☑

Haar reën opvangpanele is vir stadsontwikkeling bedoel en laat toe dat mense in droogtegeteisterde stede hul eie water opvang.☑ Haar ontwerp sal stadsinwoners toelaat om hul eie behoeftes te onderhou deur reënwater in die gebou se gryswatersisteem te laat vloei, waar dit herwin kan word saam met die vuil water van wasbakke, wasmasjiene en ander toestelle.☑

**Beskryf en analiseer jou bogenoemde ontwerp en gee 'n verduideliking van hoe dit volhoubare/omgewingskwessies aanspreek:**
Ontwerper Shaakira Jassat het 'n reën opvanger geskep wat slank genoeg is om op die buitekant van geboue in digte stadsomgewings te pas.☑ Die Aquatecture paneel is ontwerp om reënwater op te vang terwyl dit oor die openings in die strukture drup voordat dit in die gebou se gryswatersisteem gepomp word. Terwyl die primêre doel van die panele is om reënwater op te vang, kan die Aquatecture paneel, as dit gekoepel is aan ander toestelle, ook potensieel water van die atmosfeer deur kondensasie trek.☑ Die panele is van vlekvryestaal gemaak, gekies vir duursaamheid en roesweerstandigheid.☑ Hulle is met gaatjies geperforeer wat uit slank, geronde tregtervorme, bestaan.☑

Aquatecture reën opvangpanele sal by die Granger Bay parkeergarage oor die volgende twee jaar getoets word, en al die water wat versamel is sal deur die Oranjezicht City Farm Market gebruik word. Die V&A Waterfront sal een van die eerste maatskappye in Suid-Afrika wees om dié hoogs innoverende nuwe ontwerp in reënwateropvangtegnologie te toets.☑ die panele wat gemaak is van aluminium, bied weerstand teen verwering en kan op die eksterieur van geboue geïnstalleer word, of hulle kan gebruik word as vrystaande eenhede in areas met meer oop ruimtes.☑ "Die besparing van water is nou 'n geïntegreerde deel van elke ontwikkeling en ons algehele volhoubaarheidsprogram. Aquatecture panele is nie net reënwateropvangers nie, maar ook kompak en visueel aantreklik en sal daarom effektief in meeste stadsargitektuur integreer."☑

**EEN INTERNASIONALE ONTWERPER/ONTWERPGROEP**



**Naam van die ontwerper/ontwerpgroep/maatskappy en EEN ontwerpproduk:**
'SUNplace solar cooking table' deur Francesca Lanzavecchia en Hunn Wai (Italië), 2015.☑

**Doelstellings en/of invloede:**
SUNplace table poog om energie te bespaar deurdat dit jou toelaat om met versterkte sonlig op 'n yster oppervlak te kook.☑ Die ontwerpkonsep van die solar cooking table is om mense sosiaal saam te bring rondom 'n tafel om saam te kook. Dit is 'n goeie manier om te sosialiseer, vermaak en partytjie te hou.☑ Die Italiaanse ontwerper Francesca Lanzavecchia en Hunn Wai van Singapore wil hê die SUNplace stel moet as 'n kruising tussen 'n braai en *teppanyaki* funksioneer – 'n tipe plat rooster wat in die Japannese kookkuns gebruik word.☑ Oosterse kookmetodes soos Chinese ‘hot pots’, en Koreaanse braai beïnvloed ook hierdie ontwerp.☑ Die verskaffing van beskermde handskoene, brille, voorskote en verlengde braaigereedskap verseker dat jong kinders kan deelneem sonder om te brand.☑ Die SUNplace solar cooking table is geskik vir die kieskeurige kliënt, wat 'n unieke, stylvolle en anderste buitelig en binnehuise sosiale ondervinding soek.☑

**'n Analise van die ontwerp en 'n verduideliking oor hoe dit die omgewings-kwessie aanspreek.**
Hierdie innoverende groen rooster is bedoel vir die hele familie of vir 'n groep vriende wie almal saam in die kook ervaring wil deelneem.☑ Hierdie kookmetode het geen impak op die omgewing nie.☑ Die braaigereedskap is ook sonkrag-aangedrewe en verander sonstrale na energie toe.☑ Die ontwerp van hierdie braaigereedskap is geometries, elegant en eenvoudig.☑ Die blad van die tafel en stoele is van 'n natuurlike soliede eikehout gemaak en die driehoekige basis van die tafel en stoele wat boontoe kleiner word, is afgewerk in 'n poeierbedekte staal wat bydra tot die algemene luukse en elegante styl.☑

Die basis van die tafel en stoele herhaal die gietyster kleurskema om 'n ontwerp te skep wat verenig is.☑ Die verwyderbare roosterplaat lê in die oppervlak, wat die posisie van die lens met 'n metaal stam ondersteun. Gemaak van liggewig volhoubare en omgewingsvriendelike aluminium, kan die braai binne of buite gebruik word.☑ Die SUNplace table is maklik om te gebruik en skoon te maak wat minimale onderhoudkostes verseker.☑

Daar is 'n verskeidenheid gesondheidsvoordele, bv., geen rook inhaling nie, minder vet wat in die kookproses gebruik word, ens.☑

**Krediet moet vir enige ander geldige stellings gegee word.**

| **V.6 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING** | **VRAE** | **PUNTE (20)** |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 6.1.1 | 1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 6.1.2 + 6.2 | 1 + 4 |
| **Middel Orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 6.1.1<br>6.1.2 + 6.2 | 1<br>1 + 6 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | | 6.1.1 + | 2 + 1 |
| | Evalueer, Reflekteer | 30% | 6.2 | 2 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 6.2 | 2 |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou